DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 19

Openbaring 19:1-4

Inleiding

In Openbaring 18:20 is almal in die hemel opgeroep om hulle te verheug, omdat God die goddelose stad met sy regverdige oordeel getref. Openbaring 19 begin met die antwoord op hierdie oproep. Die groot menigte in die hemel sing *Halleluja*. Die vier en twintig ouderlinge en die vier lewendes, het ook met *Halleluja* geantwoord.

Vers 1-2

En ná hierdie dinge het ek iets soos ’n groot stem van ’n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. (Openbaring 19:1-2 AFR1953)

- Die groot menige wat Johannes hoor, is na aanleiding van dit wat ons reeds gelees het dieselfde groot menigte van wie ons in Openbaring 7:9 gelees het.
- Hulle is die gelowiges wat uit die groot verdrukking kom en hulle klere is wit gemaak in die bloed van die Lam.
- Hulle is die gelowiges wat reeds oorwin het en nou in die hemel is.
- Hulle sing met ’n groot stem – hulle sing uitbundig.
- Hulle sing: Halleluja – Prys die HERE!
- Psalm 113 tot 118 is die Hallelpsalms waaruit hierdie woord kom.
- Die Hallelpsalms is gesing tydens die Paasgebeure en verwys na die eksodus.
- Eksodus was die verlossing uit Egipte, en die voorloper van die groot verlossing wat gekom het met die vernietiging van die groot stad.
- Die groot menigte besing die lof van God, want die oorwinning is syne.
- Die groot menigte is bly oor God, oor wie Hy is, en oor hulle verhouding met Hom.
- Hy het hulle gebede verhoor om die dood van die gelowiges te wreek op die groot stad.
- God se oorwinning oor die groot stad is ook die gelowiges se oorwinning (Open 17:14).
- In vers 2 sing die groot menigte hoekom al die lof en eer aan God gebring word.
- God se oordele is waaragtig en regverdig.
- Daar is niks onderduims of skaduagtig aan God se oordele nie – niemand sal ooit wonder of die oordele suiwer is nie.
- Sy oordele is regverdig, want dit stem presies met sy wet ooreen.
- Die groot menigte vier die oorwinning van God oor die groot stad.
- Nog ’n keer word Babilon se misdade genoem:
- Babilon het die aarde met haar hoerery bederf.
- Sy het die wêreld voorgegaan in ’n immorele lewenstyl.
- Sy het die wêreld finansieel korrup gemaak.
- Sy het die wêreld polities korrup gemaak.
- Sy het die diensknegte van die Here vermoor.

Vers 3

En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.

(Openbaring 19:3 AFR1953)

- Die groot menigte het vir ’n tweede keer *Halleluja* gesing.
- Die gevolg van God se regverdige oordeel is nou deel van die loflied.
- Die regverdige vernietiging van Babilon word aan almal bekend – haar rook gaan op tot in alle ewigheid.
- Niemand sal ooit twyfel oor die vernietiging van Babilon nie – die ganse skepping sal dit weet.
- En die vernietiging is finaal, want die rook styg op tot in ewigheid.

Vers 4

En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! (Openbaring 19:4 AFR1953)

- Nou is dit die binnekring in die hemel – die vier en twintig ouderlinge en vier lewendes wat rondom by die troon van God is – wat sing.
- Hulle het in aanbidding voor God op sy troon neergeval en Hom aanbid met die loflied.
- God is op sy troon die middelpunt van die hemel en van die hele skepping.
- Die vier en twintig ouderlinge en vier lewendes beaam wat die groot menigte aangaande God gesing het.
- Amen – dit is waar! Die Here moet geprys word en hulle doen dit ook.
- Vroeër was dit eers net die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens wat gesing het (Open 4:8, 11; 5:9-10).
- Daarna het die engele en die skepping ingeval (Open 5:11-14).
- Na die oorwinning van die God oor die groot stad is dit eerste die gelowiges wat sing en daarna beaam die ouderlinge en die lewende wesens dit net.
- Dit is immers die kerk wat dit grootste voordeel kry uit hierdie verlossing van die verdrukking van die groot stad.
- Die skepping – die vier lewende wesens – is bly, want nou is die skepping ook verlos.

Openbaring 19:11-21

Inleidend
Die profesieë in die boek Openbaring is nie chronologies neergeskryf nie, net soos die profesieë van Jeremia ook nie chronologies opgeneem is in die Bybel nie. Daarom moet die bruilofsfoto’s, wat ons in die vorige gedeelte (Open 19:5-8) gesien het, ons nie laat dink dat die bruilof van die Lam gaan plaasvind voor die finale oordeel nie. Ons het vroeër hierdie selfde manier van skryf gesien. Voordat die sewende seël oopgemaak is en die sewende trompet geblaas is, was daar eers ’n onderbreking (sien Open 6:12-8:5 en Open 9:13-11:19).

Met die wys van die bruilofsfoto’s is die kerk verseker dat niks die bruilof in die wiele sal ry nie. Die bruilof gaan beslis plaasvind.

In die gedeelte in Openbaring 19:11-21 ontmoet ons Christus as die Regter en Krygsman wat sy vyand vernietig deur sy regspraak en verowering. Hierdie gedeelte kan soos volg ingedeel word:

Openbaring 19:11-13 – Wie Christus is
Openbaring 19:14-16 – Wat Christus doen
Openbaring 19:17-18 – Die uitnodiging van die aasvoëls
Openbaring 19:19-21 – Die dier en die valse profeet word in die vuurpoel gegooi

Vers 11

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word

genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

- Dit is die tweede keer dat Johannes die hemel oop sien (Open 4:1 en 19:11).
- Daar was twee ander kere wat Johannes die tempel van God in die hemel oop gesien het (Open 11:19 en 15:5).
- Die geopende hemel beklemtoon dat daar nou iets gaan gebeur wat vir die aarde van belang is.
- Hier kom oorlog – perde is oorlogsdiere.
- Dit is ’n wit perd, en daarmee word die oorwinning van die Ruiter op die perd alreeds geteken.
- Wit is die simboliese kleur van reinheid en oorwinning (Open 3:3-5; 6:11; 7:9).
- Verder word die Ruiter – dit is Christus – beskryf tot aan die einde van vers 13.

word genoem Getrou en Waaragtig

- Christus word genoem Getrou en Waaragtig!
- Christus is getrou aan God en aan sy roeping as die Messias wat verlos en as Regter optree.
- Soos sy Vader wat aan Homself getrou is, so is Christus ook.
- Hierdie Name van Christus beklemtoon dat Hy sy opdrag in volmaakte ooreenstemming met God se reg sal uitvoer.
- Soos wat daar aan God se oordele niks onderduims is nie, so is die optrede van Christus ook volmaak onberispelik.

Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid

- Die Here tree nou direk toe tot die oordeel.
- Die oordeel oor die groot stad het die Here deur middel van die tien goddelose konings gedoen.
- Christus se optrede is net soos God s’n – dit geskied in geregtigheid.
- Die oordeel wat hier voltrek word, is volkome in ooreenstemming met die wet van God.
- Die oorlog is die voltrekking van die oordeel.
- Hierdie oorlog is teen die dier en die oordeel is oor die dier, die valse profeet en die tien konings.
- Hulle word nou geoordeel oor wat hulle Christus en sy kerk aangedoen het.

Vers 12

En sy oë was soos ’n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ’n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

En sy oë was soos ’n vuurvlam

- Johannes het Christus al vroeër so gesien (Open 1:14; 2:18) en die agtergrond daarvan is Daniël 10:6:
- **En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van ’n menigte.** (Daniël 10:6 AFR1953)
  Hierdie woorde beklemtoon dat Christus skerp waarneem en alles sien.
- Hy het ’n deurdringende blik.

en op sy hoof was baie krone

- In Openbaring word twee verskillende Griekse woorde vertaal met *kroon*.
  - Die eerste een is *stefanos* – dit is die kroon wat die vrou in Openbaring 12:1 dra.
  - Christus het ook so ’n kroon op (Open 14:14).

    - Die oorwinnende gelowiges dra ook sulke krone (Open 2:10; 3:11; 4:4).
    - Dit is ’n kroon wat as oorwinningsprys gedra word.
- Die tweede een is *diadema* – dit is die kroon wat Christus hier dra.
    - Dit is die kroon wat gewoonlik deur ’n heerser of ’n koning gedra is.
    - Christus is die regmatige Heerser – Hy is die Koning van die konings en die Here van die heersers (Open 17:14).
    - Die draak (Open 12:3) en die dier uit die see (Open 13:1) het ook sulke krone op.
    - Hulle is egter wederregtelike en onegte heersers op die aarde.

en Hy het ’n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self

- Christus het sy nuwe Naam op die oorwinnaars in Filadelfia geskryf (Open 3:12).
- Aangesien die Naam nie genoem word nie en hier ’n Naam is wat net Hy ken, lyk dit of dit dieselfde Naam is.
- Hierdie Naam van Christus sal eers aan die heel einde bekend word net aan die gelowiges.

Vers 13

En Hy was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

En Hy was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was

- Die bloed waarvan hier gepraat word kan die bloed van Christus self wees (Open 1:5; 5:9; 7:14; 12:11), of die bloed van die gelowiges (Open 6:10; 16:6; 17:6; 18:24; 19:2), of die bloed van die vyand (Open 14:20).
- In die konteks van die oorlog lyk dit eerder of hierdie bloed die bloed van die vyand is.
- Die bloed wys saam met die wit perd dat die uitslag van die oorlog eintlik reeds bekend is.
- Die vyand staan geen kans teen die Here Jesus Christus nie.
- Die agtergrond van hierdie bloed op die klere kom uit Jesaja 63:1-3:

  Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. (Jesaja 63:1-3 AFR1953)

en sy Naam is: Die Woord van God

- Dit is Christus se derde Naam in hierdie deel.
- In Johannes 1 word Hy ook bekend gemaak as *die Woord van God*.
- In Johannes 1 is Hy *die Woord van God se verlossing en herskepping*.
- In Openbaring 19 is Hy *die Woord van God se oordeel*.
- Hierdie Woord is net so gesaghebbend soos die verlossingswoord.

Vers 14

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

- Die leërs van Christus is die engele en die gelowiges wat saam met Hom uittrek.
- In Openbaring 17:14 het ons al kennis gemaak met die gelowiges wat saam met die Here oorlog voer teen die dier en die konings.
- Hulle is diegene wat geroepe en uitverkore en getrou is.
- Die engeleleër tree met die wederkoms van Christus op (Matt 13:41; 16:27; 25:31; 1 Tess

3:13).
- Hulle almal dra wit en rein fyn linne as teken van die triomf van die oorwinning.

Vers 15

En uit sy mond gaan daar ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ’n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

- Uit die mond van Christus kom ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan.
- Die swaard is teken van Christus se gesag om oor lewendes en dooies te oordeel.
- Hierdie beeld het ons al in Openbaring 1:16; 2:12 en 2:16 teëgekom.
- God het Christus se mond so gemaak:

  En Hy het my mond gemaak soos ’n skerp swaard, in die skaduwee van sy hand het Hy My verberg; en Hy het My ’n skerp pyl gemaak, in sy pylkoker My weggesteek; en Hy het vir My gesê: Jy is my kneg, Israel, in wie Ek My verheerlik. (Jesaja 49:2-3 AFR1953)
- Hierdie skerp swaard is die woorde van Christus wat diep sny en hard tref.
- Sy woorde is soos ’n ysterstaf wat kleipotte stukkend slaan:

  U sal hulle verpletter met ’n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos ’n erdepot. (Psalm 2:9 AFR1953)
- Ook die oorwinnende gelowiges sal so regeer saam met Christus:

  En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ’n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. (Openbaring 2:26-27 AFR1953)
- Christus trap self die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God.
- Hierdie beeld illustreer die oordeelsvoltrekking van God (Open 14:19-20; 16:19)
- In Openbaring 14 is die goddeloses deur die engele afgeoes en hulle is soos druiwe in ’n parskuip getrap en baie bloed het uit die parskuip uitgekom.
- In Openbaring gee God aan die groot stad die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.
- Hierdie beeldspraak kom uit Jesaja 63:1-6.
- God die Almagtige wreek die dood van die gelowiges deur die goddeloses soos druiwe te pars.

Vers 16

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

- Op sy klere, by sy heup, waar die swaard hang, is die Naam geskryf: Die Koning van die konings en die Here van die here.
- Net soos in Openbaring 17:14 word hier weer bevestig – dit is nie die Satan, die dier of die konings wat die regeermag het nie.
- Christus alleen is die Here en die Koning.
- Hy alleen het die mag en sy mag sal seëvier oor elke mag wat teen Hom en sy kerk saamgespan het.

Vers 17 en 18

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met ’n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor

duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

- Nog ’n keer word die uitslag van die oorlog voor die tyd al bekend.
- ’n Engel roep al die voëls na ’n vleisfees toe wat God vir hulle gee.
- Die dier en die konings met al hulle bose magte het saamgetrek vir die groot veldslag.
- Terwyl hulle saamtrek, versamel al die roofvoëls van die hemel vir die vleismaal wat God hulle gaan gee.
- Wat ’n kontras: die gelowiges kom saam vir die bruilofsmaal van die Lam, maar die goddeloses word self die maaltyd van die roofvoëls.
- Die vleisgeregte wat die Here vir die roofvoëls gee, is die regeerders (konings en owerstes), die militêre mense (sterkes en hulle perde), en dan die vleis van almal (vrymense, slawe, klein en groot).
- Die goddeloses wat teen die Here en sy kerk saamspan, kom uit elke deel van die samelewing.
- Dit is hier waar die sesde seël (Open 6:12-17) finaal oopgebreek word.
- Die voorspel van hierdie slagting is deur Esegiël opgeteken:

  En jy, mensekind, so spreek die Here HERE: Sê vir die voëls van allerhande vere en vir al die wilde diere van die veld: Kom bymekaar en kom aan, versamel julle van alle kante by my slagoffer wat Ek vir julle slag, ’n groot slagoffer op die berge van Israel; en eet vlees en drink bloed! Vlees van die helde sal julle eet en bloed van die vorste van die aarde drink – ramme, lammers en bokke en stiere, vetgemaakte diere van Basan almal saam – vet sal julle eet totdat julle versadig is, en bloed drink totdat julle dronk is, van my slagoffer wat Ek vir julle geslag het. En julle sal aan my tafel versadig word van perde en ruiters, van helde en alle soorte krygsmanne, spreek die Here HERE.
  (Esegiël 39:17-20 AFR1953)

Vers 19

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.

- Die groot oorlog by Armageddon – dit is die oorlog wat hier vlugtig plaasvind (vgl. Open 16:12-16).
- Al die bose magte onder aanvoering van die dier en die konings van die aarde kom saam om oorlog te voer teen die Ruiter op die wit perd en sy leërs.
- Dit is die dag van die Here wat aangebreek het.
- Dit is ’n oorlog wat eintlik ook nie eers ’n oorlog is nie.
- Van hierdie apokaliptiese oorlogstaal het ons al vroeër in die Ou Testament gelees:

  Want so het die HERE vir my gesê: Soos ’n leeu en ’n jong leeu knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas – só sal die HERE van die leërskare neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel. (Jesaja 31:4 AFR1953)

  En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ’n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.
  (Daniël 12:1-3 AFR1953)

  En in dié dag maak Ek Jerusalem tot ’n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit

optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word.

In dié dag, spreek die HERE, sal Ek al die perde met verwarring slaan en hulle ruiters met waansin; maar oor die huis van Juda sal Ek my oë oophou, terwyl Ek al die perde van die volke met blindheid slaan. Dan sal die stamhoofde van Juda in hulle hart sê: Die inwoners van Jerusalem is vir my 'n sterkte deur die HERE van die leërskare, hulle God.

In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe—hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem. En die HERE sal eers die tente van Juda verlos, sodat die roem van die huis van Dawid en die roem van die inwoners van Jerusalem dié van Juda nie sal oortref nie.

In dié dag sal die HERE die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos 'n hemelse wese, soos die Engel van die HERE voor hulle uit.

Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg. (Sagaria 12:3-9 AFR1953) Vgl. ook Esegiël 38-39.

Vers 20

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

- Die oorlog was nie eers nie.
- Dit gaan so vinnig gebeur dat ons net die gevolge van die oorlog sal sien, soos wat Johannes dit hier beskryf.
- Die dier – dit is die dier uit die see (Open 13:1-10) – en die valse profeet – dit is die dier uit die aarde (Open 13:11-18) – word sonder seremonie lewend in die poel van vuur gegooi.
- Die veldslag sal vir ons Here geen moeite wees nie.
- Die dier en die valse profeet is in die hel gegooi waar die vuur nooit geblus word nie.
- Hulle beland lewend daarin om die verskriklikheid van God se oordeel te illustreer.

Vers 21

En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.

- Nogeens word gesê dat die veldslag vir Christus nie moeite is nie.
- Die konings en die bose leërs word met die swaard wat uit die mond van Christus kom gedood.
- Hy spreek net die oordeel en dan gebeur dit. Vgl. 2 Tess 2:8:
  en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,
  (2 Tessalonisense 2:8 AFR1953)
- Diegene wat dink hulle kan maar ongehinderd voortgaan om met Christus en sy kerk te spot, sal voor die heiligheid van Christus verkrummel.
- En die vernedering van die oordeel word beklemtoon deur die feit dat hulle nie begrawe word nie, maar dat hulle opgevreet word deur die roofvoëls van die Here.